Bekendstelling – *Grease Lightning* styl!

Rustenburg – Die begin van elke jaar word gekenmerk deur jong latte wat ontgroening, as nuwe graad 8 leerlinge, moet deurmaak in die gróót skool. By Hoërskool Rustenburg is dit nét so en word die nuwe Rusties met groot opgewondenheid ontvang. Die staaltjies te vertel deur die jongspan laat mens skoon verlang na jou skooldae!

"Vriendskap en sterk bande smee," is hoe Elmarie Geldenhuys, graad 8 graadhoof en kultuurhoof aan die Hoërskool Rustenburg, ontgroening by RHS beskryf. "Hier pak ons alles in goeie gees aan!" Die Rusties se bekendstellingsaktiwiteite rus op drie bene naamlik respek, dissipline en goeie maniere. Basta vir díe wat nog moet leer!

Bekendstelling by RHS duur slegs drie weke. "Ek por julle aan om by soveel moontlik aktiwiteite aan te sluit," aldus Elmarie. "Geniet elke oomblik – bekendstelling by RHS is vét pret!"

Die *Platinum Weekly* het die voorreg gehad om met van die leerlingraadslede en nuwe graad aggies kennis te maak. Klara von Wielligh (matrikulant) verlang na die dae toe sý nog 'n nuwe Rustie was. "Ons moes sowaar vir die groep matriek seuns staan en sing!" vertel sy grootoog. "Maar jy is net een keer in jou lewe 'n Splinter!" [graad aggies se bynaam]

Nathan Fourie (matrikulant) skerts hoe hy as graad aggie vir 'n boom moes staan en blaf! "Ons moes toe ook 'n reëndans doen!" lag hy. "Graag wil ek al ons nuwe graag 8 leerlinge 'n hartlike welkom heet. Bekendstelling is nie 'n straf nie, dit is 'n lekker tyd waar ons mekaar leer ken en saam 'n band vorm om ons skool na hoër hoogtes te neem."

Nadia du Plooy is gedoop 'Sardientjies' – haar splinternuwe Splinter-naam. "Die waatlemoen geveg was sover my lekkerste ervaring. Ek moes behoorlik koes om nie soos 'n waatlemoen te proe en lyk nie!"

Heelagter staan Nathan Fourie (gr12), met agter vlnr; Wilmi Hendrikse (gr12), Lee-Ann Spurr (gr8), Simeon Odendaal (gr8), Marichen Bornman (gr8) en Adi ban Wilke (gr12). In die middelste ry vlnr; Allison Theart (gr8), Dandré Schoeman (gr8), Edrick van Tonder (gr8) en Tian Gorrie (gr8). Voor sit Klara Von Wielligh (g12); en heelvoor graad aggies vlnr; Karla Venter, Arno Greyling, Nathan Esterhuizen, en Nadia du Plooy.

Makietie met Pieter Naudé



Pieter Naudé

Rustenburg – "Ek nooi hartlik die hele gemeenskap uit na Pieter Naudé se musiekopvoering op Vrydag, 27 Januarie 2017 by Castle Corner," aldus Zelda Vermeulen, organiseerder van die geleentheid. "Peter bederf ons altyd met lekker voetskoffel en langarm musiek! Kom maak 'n draai!"

Die geleentheid begin omstreeks 09h00 en 'n kontantkroeg met spesiale aanbiedinge sal beskikbaar wees.

Vir meer navrae, kontak Zelda gerus by 073-248 8504, of stuur 'n e-pos aan jpswanepoel57@gmail.com

Crane Corporation
22 Cobalt Street, Rustenburg, Zinniaville
CRANE HIRE 24/7
ANTHONY PETZER: 082 849 9008
P.O. Box 6301 Oberholzer, 2502
Tel: 014 538 1461 / 018 787 2059
Fax: 014 538 1431 / 018 787 3416
E-mail: anthonyp@cranecorp.co.za

SUDOKU

		2						
		3		1				6
	4			2			3	
1					3			9
		5				4		
2			6					8
	9			7			4	
7				8		5		
						3		

	7				2			
9				6		3		
			1				8	
		8		3				1
	9		7		4		6	
3				5		9		
	1				7			
		6		1				5
			4				3	

Weather Report North West Rustenburg

Friday	27	January	2017	26°C - 19°C
Saturday	28	January	2017	27°C - 19°C
Sunday	29	January	2017	28°C - 19°C
Monday	30	January	2017	29°C - 19°C
Tuesday	31	January	2017	27°C - 19°C

FINANCIAL INDICATORS

Crude Oil	(OIL)	R	711.55
Gold Ounces	(XAU)	R	16,090.66
Platinum Ounces	(XPT)	R	13,232.65
Palladium Ounces	(XPD)	R	10,580.91
United States Dollar	(USD)	R	13.38
British Pound	(GBP)	R	16.75
Euro	(EUR)	R	14.47
Chinese Yen	(CNY)	R	1.98
Namibian Dollar	(NAD)	R	0.99
Lesotho Loti	(LSL)	R	1.00

At time of print

Send your event listing to news@platinumweekly.co.za ** Free Placement!

PLATINUM EVENT DIARY

EVENT NAME	DATE	VENUE	CONTACT NO	EMAIL / WEBSITE
Makietie saam Pieter Naudé	27 Jan '17	RTB: Castle Corner	073-248 8504	jpswanepoel57@gmail.com
Cycling: MTB & Road Ottosdal Draf en Trap	28 Jan '17	Ottosdal	082-806 4906	rustenburg.cycling@gmail.com
Riaan Rust	28 Jan '17	RTB: Bundus Inn Pub in Boshoek	079-186 4023	Facebook: Bundus Inn Pub
Nicholis Louw	28 Jan '17	RTB: Die Tarentaal Teater, Oorsaakpad (Rex)	079-341 3420	michele@tarentaalteater.co.za
Nederduitsch Hervormde Kerk, Rustenburg-Kloof, Algemene Jaarvergadering	29 Jan '17	RTB: NHSV Rustenburg-Kloof	014-594 1965	nhkkloof@telkomsa.net
Kaizer Chiefs Tlhabane Branch, Supporters General Meeting	29 Jan '17	RTB: Olympia Park Stadium	072-555-7281	david.mafora@implats.co.za
1st Rehearsal: Rustenburg Community Chorus	1 Feb '17	RTB: NG Church Proteapark	078-390 4299	info@rustenburgcommunitychorus.co.za
Touch of Class	3 Feb '17	RTB: Die Tarentaal Teater	079-341 3420	michele@tarentaalteater.co.za
Gideon Hunter by Kalakiri	4 Feb '17	RTB: Kalakiri Lodge Rustenburg	082-415 6868	kalakiri.byleveldt9@gmail.com
Soccer Match: Platinum Stars vs Orlando Pirates	8 Feb '16	RTB: Phokeng, Royal Bafokeng Stadium	014-573 4743	info@platinumstars.com

Platinum Weekly: (Platinum Publishers (Pty) Ltd t/a) disclaims all liability for any loss, damage, injury or expense, however caused, arising from the use of or reliance upon, in any matter, the information provided through this publication and does not warrant the truth, accuracy or completeness of the information provided. **Notice is hereby given** that the Platinum Weekly title and logo design was aquired by Platinum Publishers (Pty) Ltd from Platina Weekblad cc. We herewith indemnify ourselves from any related claims.
Contact us per email with any queries. ads@platinumweekly.co.za